11/20.

MAANDBLAD MONTHLY.

# Pro Libertate

Vol. 1. No. 1. STELLENBOSCH. 15 APRIL, 1932. Prys 1d.

## DIE UNIVERSITEIT EN REGERINGS-TOELAES.

Die dreigende gevaar dat die swaar handelslapte waaronder die hele wêreld, en dus ook Suid-Afrika, gebuk moet gaan, ten slotte die opvoedingskragte sal aantas het nou 'n voldonge feit geword.

Hoewel dr. C. J. Langenhoven teen die middel van verlede jaar nog 'n kragtige pleidooi in die pers gelewer het vir die immuniteit van Opvoeding teen besnoeïing deur die lands-owerheid en hy daarin ongetwyfeld die simpatie van alle verantwoordelike persone gehad het, het die steeds-haglikerwordende handelstoestande die Regering genoop om tot so'n stap oor te gaan.

Weliswaar het die Regering reeds tevore die toelae aan Hoër Onderwys gedurende die afgelope paar jaar persentasiegewys verminder, maar onder die Wet op Toesig oor Hoër Onderwys wat in die eerste sitting van verlede jaar deur die Parlement goedgekeur is, kry die Minister van Onderwys absolute beheer oor die geldsake van die Universiteite en verwante liggame.

Die wet bepaal dat alle Universiteite teen Oktober van iedere jaar 'n begroting van die volgende jaar se uitgawes aan die Minister moet voorlê. Daarvolgens word die persentasie en bedrag van die toelae bereken. Dat die Minister deur hierdie wet baie groot beheer kry oor die Universiteit se inkomste blyk genoegsaam uit die feit dat die Universiteit vir ag-en-vyftig persent van sy fondse afhanklik is van die Unie-regering. (Kaapstad s'n is ietwat laer).

Op 22 September, 1931, het die Minister van Onderwys (dr. D. F. Malan) 'n rondskrywe aan al die Universiteite en Tegniese Kolleges gerig waarin nadruk gelê is op die noodsaaklikheid dat die inrigtings sover moontlik moet besuinig wanneer hulle die begrotings vir die volgende jaar opstel. Daar is aangedring daarop dat die Universiteitsowerhede noukeurig elke pos tot in besonderhede moet nasien om uit te vind waar bespaar en selfs watter poste afgeskaf kan word.

Lang verlof sou ook in geen geval toegestaan word nie.

Die Universiteit van Stellenbosch het tot die beste van sy vermoë dienooreenkomstig sy begroting ingestuur maar by ondersoek daarvan het die Departement bevind dat dit baie ver die bedoelde bedrag oorskry en dat die verskil tussen die begroting en die moontlike toelae so groot is dat die Universiteit die enigste liggaam sou wees om te kan aandui in watter poste verdere gebruik van die snoeimes die minste skadelik sou wees. Derhalwe is na beraadslaging 'n twede begroting opgestel maar selfs hierop is 'n algemene totale vermindering van ongeveer ag persent deur die Regering gedoen. In hierdie laaste soos in alle vorige stappe in verband met die saak, het die Departement nie gehandel alvorens die Universiteitsowerhede geleentheid gegee is om hulle saak toe te lig nie

Die Universiteit van Kaapstad—en vermoedelik al die ander inrigtings—het daar nie breër van afgekom nie. In 1930 was U.K. se toelae £101,000 en sy begroting vir 1932 het slegs £88,200 gevra, maar die toegestane bedrag het net £76,975 beloop, d.i. byna 25 persent minder as in 1930. Die gevolg was dat daar 'n tekort van minstens £7,000 onstaan het.

In die geval van die Hugenote Universiteitskollege was die vermindering van £7,475 in 1931 tot £6030 in 1932, tesame met 'n moontlikheid van algehele afskaffing.

Gevolglik is, *nolens volens*, aan al die inrigtings besuinig en is tegelyk stappe gedoen om die onvermydelike gate wat die besuinigingsbeleid sou agterlaat, op te vul. Die personeel van U.K. het hulleself bereid verklaar om volgens 'n bepaalde skaal 'n deel, lopende van 2½ tot 7½ persent, van hulle salarisse op te offer ten einde die tekort aan te suiwer. H.U.K. se dosente het 15 persent van hul besoldiging afgestaan maar sal tog nog 'n tekort van minstens £1,000 aan die einde van die jaar hê.

Dit is nog nie bekendgemaak tot watter stappe die personeel alhier ten opsigte van salarisvermindering besluit het nie, maar een van minstens 2 persent skyn onder die omstandighede onvermydelik te wees.

Met 'n enkele uitsondering het die Universiteit van Stellenbosch geen enkele nuwe aanstelling op die doserende personeel gemaak nie, en desondanks is twee geheel-en-al nuwe departemente ge-open, nl. dié van Bosbou en Sosiologie.

Veral ten opsigte van laasgenoemde behoort die Raad en Senaat onvermengde lof te ontvang, hoewel aan dr. R. W. Wilcocks ook dank verskuldig is vir sy bereidheid om die dienste van dr. H. F. Verwoerd, voortaan hoof van genoemde departement, af te staan en in stede daarvan student-dosente (teen 'n onnoemenswaardiggeringe besoldiging) ter hulp te kry.

Vermeld moet ook egter word dat die Fakulteit vir Regte die dienste van 'n professionele assistent gekry het Maar in 1930 was daar wel twee

## DIE „£2 10 0 STUDENTE."

In die jongste uitgawe van die *Stellenbosse Student* verskyn 'n brief van "Charity begins at Home" wat heelwat opspraak verwek het en ons hier weer publiseer:

> „Aangesien ons dit op goeie gesag van ons plaaslike *Rip van Winkle* het daar geen genoegsame fondse is vir die hou van Fakulteite- en Koshuisfunksies nie, wil ek aan die hand gee dat hierdie *quasi-bona-fide* studente, i.p.v. *werklike bona-fide* studente van hulle regte te ontroof, liewer die £2 10 0 sal gee aan een of ander „weeshuis of liefdadigheidsinrigting" waarop die S.V.R. sal besluit
>
> „Dit strek die Universiteit geensins tot eer dat ons nog in die Twintigste eeu duld dat seniorskap in jare plus £2 10 0 die hoogste kwalifikasie is om op die S.V.R. te dien"

As gevolg van hierdie en ander bewerings omtrent die s.g.n. „£2 10 0-studente" in genoemde brief, het ons die saak ondersoek en is in staat om die volgende gegewens (by benadering en onder korreksie) openbaar te maak:

38 kandidate is vir die twede S.V.R.-verkiesing genomineer, en het die nominasie hul laat welgeval.

Kweekskoolstudente genomineer: 11 uit die 38: 30%.

Kweekskoolstudente gekies. 7 uit die 20: 35%

By ondersoek is gevind dat uit 144 kweekskoolstudente daar 26 ingeskryf is aan die universiteit—16 vir M.A., 8 vir 'n doktersgraad, en mnre. H. J. Piek, M.A. en A. D. Raats, B.A., vir geen graadkursus nie maar wel vir spesiale vakke.

Van hierdie aantal geregistreerdes is omtrent die helfte (46%) genomineer, en 25% gekies om op die S.V.R. te dien D.w.s. die groep besit 'n verteenwoordiging van 25% in die S.V.R.

(Vervolg op bladsy 3)

---

Wat die saak nog meer bemoeilik is die feit dat daar vanjaar slegs 971 studente aan die Universiteit is—dus sowat 50 minder as verlede jaar—en die inkomste daardeur heelwat verminder word.

Intussen is daar 'n beweging onder die studente vir vermindering van losiesgelde Hierop kom ons egter later terug

## DIE EERSTE EN DIE LAASTE.

'n Afdruk van die voorblad van die eerste uitgawe wat indertyd so veel opspraak verwek het.